

"Op die volgende dag het die groot skare wat vir die fees opgedaag het, gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom. Hulle het die blaartakke van die palmbome geneem en Jesus tegemoetgegaan en dit uitgeskree: "Prys God! Geseënd is Hy wat in die Naam van die Here kom!" en: "Die Koning van Israel!" Jesus het 'n donkievul gekry en daarop gaan sit soos dit geskryf staan: "Hou op om bang te wees, dogter van Sion! Kyk, jou Koning kom, Hy sit op 'n donkievul."""

JOHANNES 12:12-15 NLV



"Toe het Judas Iskariot, een van die twaalf dissipels, na die priesterhoofde toe gegaan en gevra: "Wat is julle bereid om my te betaal as ek Jesus aan julle besorg?" Hulle het hom toe 30 silwer geldstukke aangebied. Van toe af was hy op die uitkyk vir 'n geskikte geleentheid om Jesus aan hulle uit te lewer."

MATTEUS 26:14-16 NLV



"Hy het toe van die tafel af opgestaan, sy bo-klere uitgetrek, 'n doek gevat en dit om Hom vasgebind. Daarna het Hy water in 'n wasskottel gegooi en begin om die dissipels se voete te was en af te droog met die doek wat om Hom vasgebind was."

JOHANNES 13:4-5 NLV



"Jesus het ook brood geneem, 'n dankgebed uitgespreek, dit in stukke gebreek en vir hulle gegee terwyl Hy sê: "Dit is my liggaam wat ter wille van julle gegee word. Gebruik dit ter herinnering aan My." Hy het dieselfde gedoen met die beker ná die ete en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, bevestig deur my bloed, wat ter wille van julle uitgegiet word."

LUKAS 22:19-20 NLV



"Hulle kom toe by 'n plek met die naam Getsemane, en Jesus sê vir sy dissipels: "Sit julle hier terwyl Ek gaan bid." Daarop neem Hy Petrus en Jakobus en Johannes saam met Hom. Toe pak 'n geweldige ontsteltenis en benoudheid Hom en Hy sê vir hulle: "Ek is benoud tot sterwens toe! Bly hier en waak!" Hy het toe 'n entjie verder gegaan en op die grond neergeval en gebid dat, as dit moontlik was, die verskriklike uur wat aan die kom was, by Hom sou verbygaan."

MARKUS 14:32-35 NLV



"Judas het op daardie oomblik die afdeling soldate en die wagte van die priesterhoofde en Fariseërs begelei en by die Olyftuin aangekom met lanterns, fakkels en wapens…Toe het die afdeling soldate en die bevelvoerder en die wagte van die Joodse owerhede Jesus gearresteer en Hom geboei. Hulle het Hom eers na Annas toe gebring. Hy was die skoonpa van Kajafas wat gedurende daardie jaar die hoofpriester was."


JOHANNES 18:3, 12-13 NLV



"Petrus verseker Hom toe: "Al draai almal hulle rug op U – ék sal dit nie doen nie!" Jesus antwoord hom: "Glo My, Petrus, vannag nog, voor die tweede kraai van die haan, sal jy drie keer ontken dat jy my dissipel is.""
MARKUS 14:29-30 NLV



"Die goewerneur se soldate het Jesus toe na hulle hoofkwartier geneem en die hele regiment teen Hom bymekaargemaak. Hulle stroop Hom toe van sy klere en hang vir Hom 'n pers mantel om. Hulle het ook 'n krans van dorings gevleg en dit op sy kop gesit, en 'n rietsepter in sy regterhand. Toe maak hulle kniebuigings voor Hom en roep spottend: "Ons groet u, o Koning van die Jode!""
MATTEUS 27:27-29 NLV



"Jesus het self die kruis gedra en uitgegaan na wat genoem is Kopbeenplek, in Aramees "Golgota". Daar het hulle Hom gekruisig, en saam met Hom ook twee ander, aan weerskante van Jesus, met Hom in die middel."
JOHANNES 19:17-18 NLV



"Hierna het Josef wat van Arimatea afkomstig was – omdat hy vir die Joodse leiers bang was, was hy 'n geheime dissipel van Jesus – Pilatus gaan vra of hy die liggaam van Jesus kon kry. Pilatus het dit toegestaan. Josef het toe die liggaam gaan haal. Nikodemus, wat Jesus die eerste keer gedurende die nag besoek het, het ook gekom en 'n mengsel van ongeveer 50 liter mirre en aalwyn gebring. Hulle het toe Jesus se liggaam geneem en dit in linnedoeke saam met die speserye toegevou soos dit die gebruik van die Jode was om iemand vir 'n begrafnis voor te berei."
JOHANNES 19:38-40 NLV



"...Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk. Skielik was daar 'n geweldige aardbewing omdat daar 'n engel van die hemel af gekom, die klip voor die graf weggerol en daarop gaan sit het. Daarop het die engel die vroue aangespreek met die woorde: "Julle hoef nie bang te wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is opgewek uit die dood, presies soos Hy gesê het. Kom kyk, hier het sy liggaam gelê...
MATTEUS 28:1-2, 5-7 NLV



"Jesus kom toe nader en sê vir sy dissipels: "God het die volle mag oor hemel en aarde aan My toevertrou. Gaan dan, maak al die nasies my dissipels, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Leer hulle om alles te gehoorsaam wat Ek aan julle opgedra het. En weet vir seker: Ek is vir altyd by julle, tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis.""
MATTEUS 28:18-20 NLV